

Gesondheidsertifisering en produsenteverklarings met GMPBasic®

BETROUBARE OORPLAATJIES



Gebruik Tegnologie!

Beplan om meer kompetender te wees?

Begin vandag nog met
GMPBasic™
bestuursagteware

Weeg / Medisyne
Geboorterekords / Verslae
Bestuurskalenders en vele meer



Elektroniese oorplaatjies

Veeboere / Voerkrale / Melkerye
Produk ondersteuning aan
produsente

Kontak: 011 954 4971
Selfoon: 083 630 7181
Vir verdere inligting:
sms jou besonderhede aan
083 263 3471 of epos aan
support@gmpbasic.co.za
www.gmptags.co.za

Die gebruik van GMPBasic®-bestuursagteware maak dit makliker vir die produsent om seker produsenteverklarings te boekstaaf. Dit sluit in verklarings van verpligte inentings, vleis- en melk-onttrekkingsperiodes na die gebruik van antibiotika, die sertifisering van vrugbaarheid van manlike diere, reproduksie en selfs bewys van eienaarskap.

Ingeligte bestuursbesluite en pro-aktiewe optrede op grond van geloofwaardige data is van onskatbare waarde. Hoe meer akkuraat die data, hoe groter die finansiële bate. Die GMPBasic®-rekordhouding en identifikasie-oorplaatjie met sy unieke individuele nommer is 'n geloofwaardige merker wat aan internasionale standaarde voldoen.

Dieregesondheids- en reproduksiestatus

Die stelsel maak voorsiening vir die aantekening van die produsent se brandmerk, entstof of veeartsenynproduk se naam, reeksnommers, vervaldatum en dosis toegedien teenoor die individuele unieke oorplaatjie.

Daar word ook voorsiening gemaak vir die aantekening van 'n toetsertifikaat, die tipe sertifisering, wie die toets uitgevoer het, tyd en datum, doel en die persoon of instansie deur wie dit uitgereik is. Dit stel die koper in staat om seker te maak of die dokument uitgereik is deur 'n geloofwaardige instansie met die nodige akkrediasie.

Reproduksie-eise kan maklik nagegaan word deur die afstammeling, kalf- of lam-intervalle na te speur. Hierdie belangrike inligting is nie 'n aparte aantekening en boekhoustelsel nie, maar vorm deel van die dag-tot-dag gebruik van die GMPBasic®-bestuursagteware-program.

Wanneer dragtigheidstoetse uitgevoer word en op die stelsel teenoor die moeder/ vaar aangeteken word, stel dit die eienaar in staat om later meer akkuraat te kan bepaal wat die verwantskap is deur data te vergelyk. Individuele of teelgroepe kan opgestel word. Die belangrikste rekord is dié van die moeder. Daarna kan die vaar ook gekoppel word aan die nuweling.

Geboorterekords van elke vroulike dier help

met die seleksie van vroulike diere wat 'n hoër reproduksievlak kan handhaaf. In die stelsel kan afstammeling slegs by die ma (moer) of pa (vaar) gevoeg word, mits hulle dieselfde eienaar het.

Reproduksie-doeltreffendheid van elke vroulike dier word teenoor haarself, asook teenoor enige ander van haar tydgenote of teenoor die hele kudde of groep se gemiddeld, bepaal. Hoe meer afstammeling teenoor die vroulike dier op rekord is, hoe meer doeltreffend kan haar reproduksiepeil bepaal word.

Begin deur al jou vroulike diere op die stelsel te plaas. Voeg 'n GMPBasic®-oorplaatjie (vee) of mikroskyfie (wild, geselskapdiere ens.) by elke dier volgens die GMPBasic®-riglyne.

Gesondheidsrisiko

Die belangrikheid van doeltreffende risikobestuur word beklemtoon deur die bestuursbeginsels wat in die GMPBasic®-stelsel ingebou is. Nougeseette toepassing van dié beginsels deur die eienaar kan help om diere se gesondheid, produksie en reproduksie tot op 'n intensiewe vlak te neem.

Sodra die eerste nuweling van die seisoen gebore word, voeg hulle by in die program teenoor hul ma's. Hierna word nuweling se rekords bygevoeg, soos gewig, behandelings, teikengewigte en verskuiwing van kampe of groepe. Die gesondheidsprodukte wat aan elke dier toegedien word, kan ook in die stelsel op rekord gehou word.

Geselskapdiere, wild en voëls

Die sagteware-komponent vir die wild en geselskapdiere (perde, honde, katte, voëls) se aktiveringskode en kodes per dier word teen 'n nominale bedrag vanaf GMP bekom. Alles werk ook goed op die nuwe Windows 8-tablette.

Kontak jou plaaslike deelnemende veearts, koöperasie of MSD-verkoopsagent vir meer inligting oor die oorplaatjies en die GMPBasic®-bestuurstelsel. Of skakel GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos support@gmpbasic.co.za of besoek die webtuiste www.gmptags.co.za.